

Voorwoord

'n Persoonlike woord vir jou

Vir die meeste van ons is die ervarings van ons eerste lewensjare nie so duidelik nie en ons kan selfs nie eens baie daarvan onthou nie. Hier en daar flits iets van wat ons gedoen, gedink of gevoel het met tye deur ons gedagtes. Die leefwêreld van die voorskoolse kind is dus nie iets wat ons sonder meer op grond van ons eie ervarings en herinneringe na vore kan bring nie. Wanneer ons dus probeer om 'n paar tree te gee binne die leefwêreld van die kleuter, betree ons 'n vreemde en onbekende gebied.

Indien jy as kategeet dus die uitdaging aanvaar om vir die voorskoolse kind iets te leer oor geloof, is dit noodsaaklik dat jy iets sal probeer verstaan van die wêreld soos wat hul ogies dit sien. Daarmee saam loop die voorvereiste dat jy die kleuter sal liefhê. Deur die kleuter lief te hê soos wat hy is en juis omdat hy so is, sal jy hom verstaan en 'n lang pad met hom kan loop. Indien jy as kategeet ook vanuit jou liefde vir die kleuters ware begrip toon vir hulle, is ware kommunikasie met hulle moontlik.

Die Kerk het saamgespan en met die hulp van predikante en onderwysers wat 'n liefde het vir die kleuter, is hierdie werkboek saamgestel. Dit is op so 'n wyse gedoen dat jy as kategeet begelei word om die kind voor jou elke Sondag deel te maak van die geloofslewe van die gemeente. Hierdie boekie wil elke kleuter leer dat die Here vir hom of haar lief is. So word jy deel van die leefwêreld van die kleuter.

Moeite is gedoen sodat jy al die stof voor jou het om die les te kan aanbied. Goeie voorbereiding maak natuurlik ook jou taak in die klas makliker.

Mag die Heilige Gees jou lei om elke Sondag met vreugde en verwondering 'n pad saam met die voorskoolse klas te loop terwyl julle ontdek: Die Here is lief vir my.

Ds Frikkie van Wyk
Hoofsamsteller

'n Paar gedagtes van die hoofredakteur

Baie dankie dat jy bereid is om die heel moeilikste werk in die kategeese van jou gemeente te doen. Dit is om die Here aan die heel kleintjies *voor te stel*. Dit is die hoofsaak waaroor dit in kategeese gaan. Kinders moet leer dat God hulle liefhet. Dit moet hulle sô vertrous en bemoedig dat hulle met oorgawe hul lewens aan die Here wil wy. Die Here gebruik jou om van sy liefde te vertel, maar ook om dit uit te deel.

Onthou, ons is maar net skakels, net instrumente wat God gebruik om sy wonderlike werk te doen. Daarom kan jy nie hierdie werk doen sonder om te bid nie. Hy roep jou, Hy maak jou bekwaam, Hy rus jou toe. Hy gee jou die gesag. Hou jou persoonlike verhouding met Hom in stand. Bid gereeld.

Geniet dit om vir die Here en sy kinders te lewe.

Dr Hannes Beukes
Hoofredakteur

So werk die kategese

Elke les in hierdie boek is vir jou gerief volledig uitgewerk. Tog is dit belangrik dat jy elke les deeglik by die huis sal voorberei. Party weke sal jy hulpmiddels en klaswerkstukke moet maak. SENTIK beskik oor 'n verskeidenheid hulpmiddels om die aanbieding van klasse makliker en interessanter te maak. Die Bybelteleskoop, 'n DVD met kaarte, prente, artikels, elektroniese Bybelteks, tydlyne en ander hulpmiddels, kan by hulle aangekoop word. Vra jou kategesehoof of predikant om daarmee te help.

Alle lesse is presies dieselfde saamgestel. Bly ter wille van eenvormigheid en roetine daarby. Dit wat bekend is, laat jou en die kinders tuis voel. En wat uiters belangrik is: Die primêre doel van kategese is om dié persoonlike verhouding wat God met sy kinders kom vestig het, uit te brei en te versterk binne die huisgesin en die gemeente.

Om hierdie persoonlike verhouding in stand te hou, is die Bybel onontbeerlik, daarom moet dit in elke klas gebruik word. Laat die kinders sien die Bybel word gebruik, al lees jy nie die verhaal of teks direk daaruit nie. Plak byvoorbeeld deur die loop van die jaar plakkertjies by die tekste wat gebruik word om aan die einde van die jaar te kan sien hoeveel keer ons die Bybel gebruik het.

Wat registerhouding betref, bly elke gemeente by die reëls wat in hul gemeente geld.

Hierdie kategesehandleiding is so saamgestel dat elke les dieselfde struktuur volg. Met die gedeelte MEER INLIGTING word jy begelei om 'n redelike agtergrond te kry oor dit wat in die les aangebied word. Feite uit MEER INLIGTING word ook saamgevat in IETS BELANGRIK, die gedeelte wat ook in die kind se boek opgeneem is.

Die kategesereeks waarvan hierdie boek deel is, werk op die volgende basis: Daar bestaan drie fasegroepe van graad R tot by graad 10. Grade R tot 3 vorm die eerste fase, grade 4 tot 7 die tweede fase, en die laaste fase is grade 8 tot 10. Daar word deurgaans vier tipes lesse in elke boek vir alle grade aangebied.

- **Graadles**

'n Graadles is 'n les wat vir die kinders van daardie spesifieke graad geskryf is. Dit is 'n *gewone* les soos ons dit altyd geken het en word op die *gewone* manier aangebied. Die getal lesse wissel van twee tot drie per kwartaal. Waar daar net twee lesse is, is die derde een altyd 'n hersieningsles.

- **Gesinsles**

Vir hierdie les is dit belangrik om te onthou dat gesinne op verskillende maniere saamgestel is. In jou klas kan daar kinders uit 'n tradisionele of normale gesin wees met 'n pa en 'n ma. Daar kan enkelouergesinne wees. Dit is wanneer die kinders vir die meeste van die tyd net by 'n pa of 'n ma woon, of om die beurt een naweek by die pa en een naweek by die ma. Ook oumas en oupas, ooms en tannies en selfs ander familie of vriende kan saam met kinders 'n gesin vorm. In baie gevalle is dit selfs net 'n oupa of 'n ouma, 'n oom of 'n tannie, ensovoorts. Daar is toenemend selfs gesinne waar die "ouers" persone van dieselfde geslag is. Die woorde *gesin* en *ouers* word in hierdie boek gebruik vir enige van hierdie soorte "gesinne". Onthou ook dat al die lede van die "gesin" vir 'n kind belangrik is, al bly hulle nie noodwendig in dieselfde huis nie.

'n Gesinsles word een keer per kwartaal aangebied. In die lig hiervan moet ouers daaraan gewoon gemaak word om as deel van die nakoming van hul doopbelofte hierdie deel van die kategeese saam met hul kinders deur te maak. 'n Gesinsles is altyd so saamgestel en word so aangebied dat die hele gesin daarby betrokke raak. Daar moet gepoog word om ten minste die ouers by so 'n geleentheid te betrek, maar aangesien die kind deel is van 'n gesin, sal dit goed wees as ander lede van die gesin ook die geleentheid kan bywoon, indien moontlik. Die fokus van hierdie lesse val op gesins- en ouer-kind-verhoudings. Die betrokkenheid van gesinne in die hele gemeente-opset word ook hier veronderstel. Omdat die ouers bewus moet wees wanneer hulle die lesse moet bywoon, moet kategete reeds aan die begin van die jaar datums aan die ouers voorsien en hulle kort voor die les weer herinner.

- **Faseles**

Vir die interimperiode totdat al die grade se boeke voltooi is, word 'n faseles soos 'n gewone les aangebied, met ander woorde, nie saam met die ander grade nie. Sodra al die boeke voltooi is, gaan dit soos volg werk: Faselesse word aan al die kinders van 'n spesifieke fase aangebied: graad R tot graad 3, of 4 tot 7, of 8 tot 10. Hier val die klem op gemeenskaplike sake wat relevant is vir kinders van daardie ouderdom of fase. Aldrie of alvier kategete van 'n spesifieke fase moet dus seker maak dat roosters nie bots nie en wie verantwoordelik gaan wees vir die aanbieding van daardie les. Ter wille van die samehorigheidsgevoel en dissipline, moet aldrie of alvier kategete teenwoordig wees wanneer die les aangebied word. Reëlins geskied na die aard van elke les.

'n Slotwoord van my kant af: Mag jy vanjaar met jou betrokkenheid by kinders krag, insig, geloof en verantwoordelikheid van die Here ontvang. *In Christus se voetspore* sit jy deur die leiding van die Heilige Gees as't ware ook jou arms om kindertjies, lê hulle die hande op en seën hulle. So verkry jy 'n eervolle plek in die gemeente, groot sekerheid in jou geloof in Christus Jesus, en sal jy na hierdie lewe deel in die vreugde van jou Here.

Dr Hannes Beukes
Hoofredakteur